 AMELIA GENIS agenis@landbou.com


# **Kanola** blom met regte **toestande, praktyke**

Reën op die regte tyd en 'n tweede kopbemesting in 'n goeie kamp het gehelp om 'n kanola-opbrengs van meer as 3 ton per ha te behaal.



**REGS:** Teen einde Junie het dit gelyk asof daar nóg 'n goeie kanolajaar vir Windheuwel op pad was. Mnr. Tihan le Roux en sy hond, Mouna, stap deur 'n land wat met die kultivar Zirgon beplant is.

**PLAASINLIGTING**




**LIGGING:** 1. Bredasdorp 2. Swellendam,, 3. Suurbraak, Wes-Kaap

**NAAM:** Windheuwel, Karsrivier, Vaalgaatjies

**VERTAKKINGS:** Koring, kanola, gars, lusern, Merino's, Bonsmaras, Dormer- en Dohnekudde.

**GEMIDDELDE REËNVAL:** 350 mm tot 400 mm per jaar

**KORTOM**

- 'n Tweede kopbemesting in 'n goeie reënjaar het bygedra tot 'n rekordopbrengs vir kanola.
- Vogtoestande met saaityd maak die grootste verskil by kanola omdat dit help dat die plantjies gelyk opkom, blom, ryp raak en die oesproses vergemaklik.
- Gereelde bespuiting, goeie wisselboupraktyke en die afwisseling van onkruiddoders verseker goeie onkruidbestryding.

Verlede jaar was so 'n goeie jaar vir kanola dat boere lag-lag meer as 2 t/ha geoes het. Net buite Swellendam het mnr. Tihan le Roux egter die rekordboeke herskryf toe hy in een kamp 3,048 t/ha van die kultivar Hyola 50 geoes het.

Met 'n kanolaprys van R4 350/t was die inkomste R13 260/ha en die marge nadat koste, soos saad, bemesting, plaag- en onkruidbestryding, bewerkingskoste en rente, afgetrek is, R9 305/ha. Die doeltreffendheid van watergebruik in die kamp was ook 'n hoë 11,247 kg kanola per millimeter reën.

Tihan is van 2002 af die bestuurder van SFS-boerdery (Edms.) Bpk., maar het in 2004 vir die eerste keer kanola as wisselbougewas gesaai om te help om grasonkruid te bestry. Sedertdien het die kultivars baie verbeter en is daar deesdae 'n groter verskeidenheid om van te kies. Hy versprei die opbrengsrisiko deur kanolakultivars uit verskillende groepe te saai. Tihan probeer om altyd 'n konvensionele, Clearfield- en 'n basterkultivar te saai.

"Die kultivarkeuse hang af van die onkruiddruk in die kampe en hoe die onkruiddoders afgewissel kan word."

Vog tydens saaityd maak die grootste verskil by kanola, want dit help dat die kanolaplantjies gelyk opkom, blom, ryp raak en die oestyd vergemaklik. Hy saai teen 3,2 kg/ha en dien dan 25 kg stikstof (N), 18 kg fosfaat (P) en 9 kg swael (S) toe. Die bronne is monoammoniumfosfaat (MAP), die produk Black Urea en ammoniumsulfaat met spoorelemente.

## KRY MEER MET KOPBEMESTING

Na gelang van hoe die kanolaplantjies lyk, dien hy 'n kopbemesting 40 dae tot 60 dae ná opkoms toe. In die kamp waarmee hy in Maart die kanolakompetisie in die Suid-Kaap gewen het, het hy drie weke ná die eerste kopbemesting 'n tweede kopbemesting toegedien.

"Ek loop al lank met die gedagte dat daar jare is wat 'n tweede kopbemesting 'n groot verskil aan opbrengs kan maak. Ek het dit toe verlede jaar gedoen en 800 kg/ha meer geoes in daardie kamp as in die kamp langsaan.

"Vanjaar het toestande teen middel Junie goed gelyk, en ek kon weer 'n tweede kopbemesting gee." 'n Mens moenie te streng oor datums wees nie, maar liewer kyk hoe groot die plantjie is 'n sekere aantal dae ná opkoms. Heersende temperature ná opkoms bepaal hoe vinnig kanolaplantjies groei en moet in berekening gebring word.

Die eerste kopbemesting is gewoonlik





**BO:** Koring floreer in die kamp wat verlede jaar 'n kanola-oes van net meer as 3 ton per hektaar gelewer het.

**LINKS:** Ideale vogtoestande met planttyd en goeie reënverspreiding in Mei en Junie het dié uitstekende stand koring tot gevolg.

25 kg N en 9 kg S, 50% ureum en 50% ammoniumsulfaat. Verlede jaar se tweede kopbemesting was 25 kg N in die vorm van kalksteenammoniumnitraat (KAN). Vanjaar het hy vir die tweede kopbemesting twee derdes ureum en een derde ammoniumsulfaat toegedien.

"Ek het die afgelope paar jaar meestal rondom 10 April begin saai, want die vogsituasie was altyd gunstig in daardie tyd."

Hulle laat glad nie die kanola bewei nie. Hulle is al vir jare besig met bewaringsboerdery, maar vandat hulle in 2012 'n Equalizer-planter gekoop het, kan hulle grasonkruid beter bestry.

Hy het die graankampe op die plaas in goeie (A), gemiddelde (B) en nie so goeie kampe (C) verdeel. In die A-kampe saai hy aanhoudend koring, gars en kanola in wisselbou, in die B-kampe sal hy daardie gewasse vir vyf jaar saai voor hy lusern vir weiding vestig, terwyl hy in die C-kampe koring, gars en kanola sal saai en dan lusern. Hy hou gewoonlik die lusern vir vyf tot sewe jaar en maak seker dat hy alle grasonkruid in daardie weidingsfase uitspuit.

In die jaar wat hy die kamp uithaal, maak hy die lusernlande diep los met 'n tandwerktuig en laat doen grondontledings van ruitmonsters wat elke twee hektaar geneem word, en stel die kalk en fosfor reg vir die saaifase. Ná elke vyf jaar word daar weer grondmonsters geneem en aanvullings gedoen soos nodig.

Sowat 60% van hul reën is veronderstel om in die winter te val, maar die afgelope paar jaar het hulle baie reën in die somer gekry. November verlede jaar het hulle 104 mm reën gekry, in Januarie 120 mm en in Maart 40 mm. Dit het vanjaar se saaityd 'n goeie begin gegee.

Hoewel hulle nooit voorheen probleme met slakke en isopodes gehad het nie, en dit nie nodig was om slakpille te gooi nie, het hy ná die groot reën wat hulle na oestyd in 2012 gekry het, besluit hy gaan die volgende jaar (2013) slakpille voorkomend gooi. "Ek is baie bly ek het dit gedoen en het dit vanjaar weer gedoen."

Hulle het in die verlede baie probleme met raaigras gehad, maar vandat hy dit in die lusernfase met parakwat bestry, gaan dit beter.

## TREKKERTYD IS BEPLANTYD

Tihan sê die boerdery werk so goed omdat alle werkers hul deel bydra. 'n Boerdery se administrasie word ál belangriker, maar 'n mens kan nie uit 'n kantoor boer nie. "Ál hoe jy 'n probleem kan oplos, is as jy en die werkers presies weet wat op die plaas aangaan en veral in die saaiboerdery die potensiaal en probleme van elke kamp ken en verstaan."

Dit is belangrik om waar te neem. "As 'n mens met planttyd, spuittyd en oestyd self in die trekker sit, is dit 'n goeie kans om te sien wat in elke kamp aangaan. Dit is my tyd vir beplanning vir die volgende jaar." **LBW**


**LBW VRA . . .**

### MNR. TIHAN LE ROUX

**WATTER TEGNOLOGIE IS ONONTBEERLIK?**
Selfoon, internet en satellietverbinding, soos GPS, wat dit moontlik maak om waar jy ook al is, toegang tot inligting te hê.

**VAN WIE LEER JY DIE MEESTE?**
Van my pa, Ian, en mnr. Simon Streicher, die besturende direkteur van SFS-boerdery (Edms.) Bpk. Ek sal altyd dankbaar wees vir die geleentheid wat hy my gee om te doen waarvoor ek lief is. Dis nie aldag dat 'n mens so 'n geleentheid kry of dat iemand soveel vertroue in jou stel nie.

**TIHAN SE OPSOMMING VAN TOESTANDE VAN 2003 TOT 2013 IN SFS-BOERDERY (EDMS.) BPK.**



| 2002 | 2003 | 2004 | 2005 | 2006 | 2007 | 2008 | 2009 | 2010 | 2011 | 2012 | 2013 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Goeie graanjaar | Goeie graanjaar | Ondergemiddelde jaar | Ondergemiddelde jaar | Bogemiddelde jaar | Goeie jaar waarin Tihan die plaas se grond begin verstaan het | Ondergemiddelde jaar, maar boerdery vaar nie sleg nie | Goeie jaar | Minder reën, maar goeie gemiddelde oes | Sake verbeter en Tihan het in 80% van sy goeie A-kampe gesaai. Ook 'n rekordjaar vir gars | Die boerdery behaal sy hoogste opbrengs met koring | Lyk aanvanklik nie goed nie, maar 90 mm reën val in Augustus en dit word 'n rekordjaar vir kanola |